mosaïek

JAARSVERSLAG 2019

LEIER LERAAR - BRIEF

Ek is vandag vol dankbaarheid as ek terugkyk oor die jaar wat verby is.

Daar het soveel goeie dinge gebeur. Daar is ván ons wat nou baie meer geïnteresseerd is in Hom en leef met ‘n honger na meer. Ván ons het besluit om Hom te vetrou met ons lewens en die lewensreis saam met Hom aan te pak.

Ván ons het begin om ons lewens met ander te deel – ons het ontdek dat dit ‘n avontuur is om te dien en ons gawes te gebruik.

Ek kan aangaan…

Vir ván ons was dit ‘n moeilike jaar van groot verliese. Hy het ons daardeur gedra en dra ons nogsteeds.

Baie dankie aan almal wat op een of ander manier ‘n bydrae gelewer het om Sy werk te bevorder.

Ons kyk in hierdie jaarverslag terug met dankbaarheid en reflekteer op alles wat in ons gemeenskap gebeur het die afgelope jaar. Mag ons ook in 2020 almal dieper, nader en verder beweeg om te groei
in die kuns van die lewe.

Shalom

Johan Geyser

UITVOERENDE PASTOOR VERSLAG

Een keer per, jaar kry ons as gemeente die geleentheid om terug te kyk en te besin oor ‘n jaar in bediening, in die vorm van hierdie jaarverslag. As ons saam terugkyk oor 2019 is daar ‘n groot dankbaarheid in ons harte teenoor die Here en dit veroorsaak ‘n groot opgewondenheid oor wat 2020 en die toekoms vir ons mag inhou. Met ons 2019 jaarverslag nooi ek jou uit omsaam met ons die groei wat in ons geloofsgemeenskap, geografiese gemeenskap en ook wyer plaasgevind het, te vier. Ek weet ook dat groei nie die totale afwesigheid van gebrokenheid verseker nie.

Daar sou geen verslag kon wees as dit nie was vir die honderde medewerkers in die verskeie afdelings hier by Mosaïek nie. Ons, die voltydse personeel, kontrakwerkers en “interns” is bevoorreg om saam met julle almal die werk te kan doen waarvoor God ons almal geroep het.

In die lig van die wêreldwye finansiële klimaat en die realiteit van ons inkomste in 2018, het die finansiële kommitee ‘n konserwatiewe inkomste begroting vir 2019 opgestel, met 0% groei op 2018.

Hierdie begroting het beperkinge op die personeelplan sowel as verskeie van die Mosaïek bedieninge en veral bedieningsprojekte vir 2019 geplaas. In 2019 was die tiende inkomste dieselfde as die inkomste begroting. Dit het ongelukkig verdere beperkinge geplaas op ‘n paar van ons drome vir die jaar. Die huidige finansiële realiteit is dat die inkomste vir 2019 nie gegroei het nie, maar die uitgawes het terselfdetyd met 5% gegroei. Hierdie tekort is deur ‘n opgehope surplus gefinansier, maar indien hierdie tendens aanhou, kan dit toekomstige finansiële uitdagings inhou. Nogtans kon ons 2019 afsluit op ‘n gesonde finansiële basis,soos in die finansiële verslag uitgelig word, en is ons dankbaar dat ons nogsteeds soveel bedieningsmoontlikhede kon vervul.

Baie dankie vir jou getroue bydraes en jou inkoop in God se plan vir Mosaïek. Hierdie verslag is ‘n getuienis van die goeie belegging wat jy deur jou finansiële bydraes gemaak het. Die verslag getuig ook van alles wat jy as persoon in God se Koninkryk gesaai het.

Ek kan weereens bevestig dat die leierskap van Mosaïek verantwoordbare finansiële besluite neem soos bevestig word deur ons jaarliks onafhanklike oudit-verslag.

Mosaïek is verbind daartoe om ‘n verskil buite die gemeente te maak, en dit word bevestig deurdat ongeveer 29c van elke rand wat ontvang was in 2019, vir missionele uitdrukkings en VERDER inisiatiewe aangewend is. Dit skep moontlikhede vir die planting van nuwe netwerkkerke in informele woongebiede en die uitvoering van verskeie opheffingsprojekte, wat onder meer kos aan armes voorsien.

Die 2019 verslag wys ons weereens dat God in en deur Mosaïek werk en dat hy elkeen van julle gebruik.

Baie dankie vir elkeen van julle se bydraes. Ons weet dat ons nie God se droom vir Mosaïek kan bereik sonder julle – sonder jou nie.

Tiaan Willemse

DIGITALE KANALE AANLYN - EN UITSAAIGELEENTHEDE



UITSAAIGELEENTHEDE

eMosaïek in 2019 – 7 801

Facebook live in 2019 – 4 717

Formasiereis – ongeveer 360 kykers per dag

Die Boodskap – ongeveer 60 000 kykers gemiddeld p/d

Die Boodskap Sondagdiens – ongeveer 40 000 kykers gemiddeld p/Sondag

BYWONING VAN GELEENTHEDE



TOTAAL = 125 713

GROEPE VAN MOSAÏEK

1. **iServe Medewerkers –** 654
2. **Lewensgroepe –** 86 groepe, 689 individue
3. **Belangegroepe –** 9 groepe, 429 individue
4. **Alpha Bywoning –** 69 persone
5. **Local Bediening Medewerkers –** 116
6. **Pelgrimstogte –** 10 pelgrimstogte & 160 pelgrims
7. **Gesinsgroepe –** 166 groepe
8. **Luistergroepe –** 4 groepe, 28 deelnemers
9. **Persone Gedoop –** 189 (47 volwassenes en 142 kinders)
10. **Nuwelidmaatgesprekke –** 138 persone
11. **Formatio Bywoning –** 304 persone
12. **Academi Studente: –** 58 persone



EMBARK VOEDING IN GEMEENSKAPPE



KOMBUISE:

TOTAAL - 2912 129

WHOLENESS GESPREKKE



GESPREKKE OOR JOU GEES

- Pastorale gesprekke – 1 372
- Kyknet-gebedslyn – 231
- Geestelike begeleiding – 819
- Week van begeleide gebed – 300

GESPREKKE OOR JOU SIEL

- Terapeuties – 2 040
- Potential Coaching – 398
- Couples Help – 453

GESPREKKE OOR JOU LIGGAAM

- Arbeidsterapie – 1 280
- Dieëtkunde – 750

ONDERSTEUNINGSGROEPE

- Depressie groep – 676
  (13 mense per week x 52 weke)
- ACA – 312 (6 mense per week)
- Verhoudingsbreuk – 78
  (13 persone in die 2 kursusse x 6 aande)
- SAM (gemiddeld 8 mense)
  Jan tot Nov – 88

Totaal – 1 154 gesprekke

SKOLE BEDIENING

Mezo – vir Tieners

7 hoërskole
Ongeveer 10 398 kinders bedien

Mkidz – vir Kinders

3 laerskole
Ongeveer 2 100 kinders bedien

MISSIONAL IMPACT – NETWERKGEMEENTES IN INFORMELE WOONGEBIEDE

Totaal van 123 gemeentes deel van die netwerk



Werk in 34 **informele gebiede**

51 Gemeentes in Mosambiek

72 Gemeentes in Suid-Afrika

Ongeveer 48 300 persone wat bywoon per week

FINANSIES
TERUGVOER

MOSAÏEK BEDRYFSINKOMSTEBRONNE



TOEDELING VAN UITGAWES



MOSAÏEK TIENDES



www.mosaïek.co.za | (011) 268-4700 | info@mosaiek.co.za